



## MISSIE JAPAN NUUSFLITS NOVEMBER 2017



Ons Japannese vriende van Tokushima leer die kinders van NG Kerk Groot-Brakrivier hoe om *Kanji* te skryf - as deel van die Japannese skrifsisteem.

## Missie Japan Nuusflits: Nov. 2017

Ondersteun: maak 'n verskil

Missie Japan media

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie wat afhanklik bly van ondersteuning deur individue, groepe en gemeentes regoor die wêreld.

 [Volg op Facebook](#)

 [Volg op Webtuiste](#)

# Deputasie

## gedagtes oor 100 dae in Suid-Afrika

Beste ,

Kleiner leefruimtes, groen tee, herfskleure in oormaat, meer vis, etes met stokkies, 'n ander skrifstelsel ... die lys gaan aan. Ons is terug by ons huis in Kobe, en reeds meer as 'n maand terug in Japan. Sedert ons terugkeer was daar - tussendeur 'n stywe werkskedule - min tyd vir behoorlik grondvat. Maar ons raak weer gewoond aan hoe die lewe lyk, proe en klink in die land van die opkomende son. Vreemd, dóg bekend.

### ***Onvergeetlike besoek***

Ons lywe is dié kant, maar ons gedagtes is dikwels nog in ons tuisland. Ons dink met diep waardering en dankbaarheid terug aan 'n baie geseënde drie maande in Suid-Afrika: oorlaai met gasvryheid deur familie, vriende en ondersteuners. Ons het die geleentheid gehad om (aanvanklik) te rus, kuier én baie plekke - meer as 50 - en mense te besoek. Regoor die land, in verskillende tale en kulture, dorpië en stede.

Die kans om ou bande te verdiep, en nuwes te smee, was kosbaar. Verder is ons roeping gereeld bevestig en versterk, deur tallose medewerkers wat hulle hande en harte vir ons wawyd oopgemaak het. Dit was regtig bemoedigend! Maar terselfdertyd was dit erg onwrigtend om pal aan die beweeg te wees. Dis dié dat dit ook goed om 'tuis' te wees, op een plek (veral in die lig van 25 verskillende beddens waarin ek geslaap in die 100 dae in SA).

### ***Die hele storie, uit verskillende hoeke***

- Lees gerus die [volledige verslag met foto's](#), en deel in die seën.
- Uit 'n heel ander hoek, het Annalise Wiid se artikel in die kerkbode ook ons roeping vertolk. [Lees dit hier](#).
- Jy kan ook [hier kliek](#) om die **video** te sien wat ons in Suid-Afrika gebruik het om oor ons bedieninge in Japan te vertel. Deel dit gerus wyer asseblief. <https://youtu.be/MGx0o5HffIM>

### ***In verbondenheid***

Ons is opnuut bewus van die uitdagings en realiteite in Suid-Afrika. Wees verseker van ons

gereelde gebede vir julle wat dit daagliks deurleef. Daar word ook by ons kweekskool ook weekliks gebed (foto) vir julle daar. Kom ons bly bid vir mekaar – dit bly een van die diepste verbintnisse wat ons kan maak.

Ons gebedsitems volg hieronder. Dankie vir jou meelewing en ondersteuning!

Vrede vir jou.

Stéphan, Carina, Annlie (10), Cornelius (8), Lodewyk (word Vrydag 6) en Stephan (4)